(b) "Minister", "passport control officer", "prohibited person" and "Union" shall have the meanings assigned thereto in the principal Act.

Passports:
persons under
the age of 16
years.

14. Any person under the age of sixteen years shall on entering or departure from the Republic be deemed to be in possession of a valid passport or other document of identity if he is accompanied by a parent in possession of such a passport or document in which the name of that person was inserted on behalf of the Government of the Republic or on behalf of any government recognized by the Government of the Republic.

Short title and
commencement.

15. (1) This Act shall be called the Border Control Act, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Different dates may in terms of subsection (1) be fixed in respect of the several provisions of this Act.

13. (1) Niemand (behalwe 'n Suid-Afrikaanse burger) wat van 'n plek buite die Unie na 'n bestemming buite die Unie onderweg is, mag deur die Unie reis nie, tensy hy in besit is van 'n deurgangsvisa ingevolge subartikel (2) vir die doel uitgereik. Persone wat deur Unie reis.

(2) Die Minister of 'n deur hom daartoe gemagtigde beampte kan na goeëdunke, en op die voorwaardes wat die Minister of bedoelde beampte goeëvind om op te lê, die uitreiking van 'n deurgangsvisa aan enige persoon magtig.

(3) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree of versuim om op aanvraag deur 'n paspoortbeheerbeampte 'n kragtens subartikel (2) aan hom uitgereikte deurgangsvisa aan bedoelde beampte te toon, en enige houër van so 'n deurgangsvisa wat 'n voorwaarde van dié visa oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van minstens drie maande en hoogstens twee jaar, en daar kan, ongeag of hy weens daardie misdryf skuldig bevind is al dan nie, ingevolge die Hoofwet met hom as 'n verbode persoon gehandel word.

(4) Die Minister of 'n beampte behoorlik deur die Minister daartoe gemagtig kan na goeëdunke—

- (a) 'n persoon of kategorie persone van enige van of al die bepalings van subartikel (1) vrystel;
- (b) enige persoon wat tot 'n kategorie persone behoort, uitsonder van 'n vrystelling kragtens paragraaf (a) aan daardie kategorie persone verleen; en
- (c) 'n vrystelling kragtens paragraaf (a) aan 'n kategorie persone of aan enige persoon, hetsy as 'n individu of as 'n lid van 'n kategorie persone, verleen, intrek.

(5) Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie artikel—

- (a) „Hoofwet” die „Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, 1913” (Wet No. 22 van 1913); en
- (b) „Minister”, „paspoortbeheerbeampte”, „verbode persoon” en „Unie” dieselfde as wat dit in die Hoofwet beteken.

14. Enige persoon onder die ouderdom van sestien jaar word by binnekoms in of vertrek uit die Republiek geag in besit te wees van 'n geldige paspoort of ander identifikasiebewys indien hy vergesel word deur 'n ouer wat in besit is van so 'n paspoort of dokument waarin die naam van daardie persoon namens die Regering van die Republiek of namens 'n deur die Regering van die Republiek erkende regering ingeskryf is. Paspoorte: persone onder die ouderdom van 16 jaar.

15. (1) Hierdie Wet heet die Wet op Grensbeheer, 1967, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal. Kort titel en inwerking-treding.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van die verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

ACT

To amend sections 1, 5, 9, 11, 15 and 19 of the Population Registration Act, 1950, to prescribe further the method of classification of persons; to extend the powers of the State President in prescribing and defining the ethnic or other groups into which coloured persons and Bantu shall be classified; to regulate the inclusion in the register of the names of children born after the commencement of that Act; to restrict the right of a person to object to the classification of any other person; and to combat, in the case of certain persons, the unlawful possession of more than one identity card.

*(English text signed by the State President.)
(Assented to 16th May, 1967.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 30 of 1950, as amended by section 1 of Act 30 of 1960 and section 1 of Act 61 of 1962.

1. Section 1 of the Population Registration Act, 1950 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the addition of the following subsections, the existing section becoming subsection (1):

- “(2) Notwithstanding anything contained in subsection (1) or any other law, but subject to the provisions of section 5 (5)—
- (a) in deciding whether any person is in appearance obviously a white person or not a white person within the meaning of the definition of ‘white person’ in subsection (1), his habits, education and speech and deportment and demeanour in general shall be taken into account;
 - (b) it shall, in the absence of proof that any person is generally accepted as a white person or a Bantu, be assumed that he is generally accepted as a coloured person except where such person is in appearance obviously a member of an aboriginal race or tribe of Africa;
 - (c) a person shall be deemed not to be generally accepted as a white person, unless he is so accepted in the area in which or at any place where he—
 - (i) is ordinarily resident;
 - (ii) is employed or carries on business;
 - (iii) mixes socially or takes part in other activities with other members of the public, and in his association with the members of his family and any other persons with whom he lives;
 - (d) in considering whether or not any person is a white person, he shall be deemed also to admit freely and voluntarily and on the ground of facts that he is by descent a Bantu or a coloured person if—
 - (i) in any proceedings before a board or for the purposes of his classification before a court of law, he admits or has admitted under oath that he is not by descent a white person; or
 - (ii) in any form or return referred to in section 3 or 9 or in any application for an identity card completed and signed by him there appears a statement to the effect that as far as his race is concerned, he is not a white person; or
 - (iii) he for the purposes of his classification admits or has admitted that either of his natural parents is or was not generally accepted as a white person;
 - (e) the fact that any person was generally accepted as a white person or a coloured person or a Bantu on the

No. 64, 1967.]

WET

Tot wysiging van artikels 1, 5, 9, 11, 15 en 19 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950, om die wyse van klassifisering van persone nader voor te skryf; om die bevoegdheid van die Staatspresident by die voorskryf en omskryf van die etniese of ander groepe waarin gekleurdes en Bantoes geklassifiseer moet word, uit te brei; om die opname in die register van die name van kinders gebore na die inwerkingtreding van daardie Wet te reël; om die reg van iemand om beswaar te maak teen die klassifikasie van iemand anders te beperk; en om in die geval van sekere persone die onwettige besit van meer as een persoonskaart te bestry.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 16 Mei 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 1 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

Wysiging van artikel 1 van Wet 30 van 1950, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 30 van 1960 en artikel 1 van Wet 61 van 1962.

„(2) Ondanks enigiets in subartikel (1) of 'n ander wetsbepaling vervat, maar behoudens die bepalings van artikel 5 (5)—

(a) word by 'n beslissing oor die vraag of iemand volgens voorkoms klaarblyklik 'n blanke ooreenkomstig die bedoeling van die omskrywing van „blanke' in subartikel (1) is, of nie so 'n blanke is nie, ook sy gewoontes, opvoeding, spraak en algemene houding en gedrag in aanmerking geneem;

(b) word by ontstentenis van bewys dat iemand gewoonlik vir 'n blanke of 'n Bantoe deurgaen, aanvaar dat hy gewoonlik vir 'n gekleurde deurgaen, behalwe waar so iemand volgens voorkoms klaarblyklik 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is;

(c) word iemand geag nie gewoonlik vir 'n blanke deur te gaan nie, tensy hy aldus deurgaen in die gebied waarin of op 'n plek waar hy—

(i) gewoonlik sy verblyf het;

(ii) in diens is of sake doen;

(iii) saam met ander lede van die publiek op sosiale gebied verkeer of aan ander bedrywighede deelneem,

en in sy omgang met die lede van sy gesin en ander persone met wie hy saam woon;

(d) word iemand by oorweging van die vraag of hy 'n blanke is al dan nie geag ook vry en bereidwillig en op grond van feite te erken dat hy wat sy herkoms betref 'n Bantoe of 'n gekleurde is indien—

(i) hy by verrigtinge voor 'n raad of, vir die doeleindes van sy klassifikasie, voor 'n geregshof onder eed erken of erken het dat hy nie wat sy herkoms betref 'n blanke is nie; of

(ii) daar in 'n in artikel 3 of 9 bedoelde vorm of opgawe of in 'n aansoek om 'n persoonskaart deur hom voltooi en onderteken, 'n verklaring voorkom ten effekte dat hy wat sy ras betref nie 'n blanke is nie; of

(iii) hy vir die doeleindes van sy klassifikasie erken het dat 'n natuurlike ouer van hom gewoonlik nie vir 'n blanke deurgaen of deurgegaan het nie;

(e) is die feit dat iemand gewoonlik vir 'n blanke of 'n gekleurde of 'n Bantoe deurgegaan het op die datum

date on which a form or return referred to in section 3 or 9 was completed by or in respect of him, shall at all times be conclusive proof that he is so accepted.

(3) Where in any form or return referred to in section 3 or 9 the race of any person is described as 'mixed' or 'gemeng', that description shall for the purposes of subsections (1) and (2) of this section be deemed to be a reference to a coloured person unless such person proves that he is in fact not a coloured person."

Substitution of section 5 of Act 30 of 1950, as amended by section 2 of Act 30 of 1960.

2. The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

"Classifi-
cation of
persons
whose
names are
included
in the
register.

5. (1) Every person whose name is included in the register shall be classified by the Secretary as a white person, a coloured person or a Bantu, as the case may be, and every coloured person and every Bantu whose name is so included shall be classified by the Secretary according to the ethnic or other group to which he belongs.

(2) The State President may by proclamation in the *Gazette* prescribe and define the ethnic or other groups into which coloured persons and Bantus shall be classified in terms of subsection (1), and may in like manner amend or withdraw any such proclamation or any proclamation purporting to have been issued in terms of this subsection.

(3) (a) The State President may in any proclamation referred to in subsection (2) whereby a previous proclamation, including a proclamation purporting to have been issued in terms of that subsection, is amended or substituted, state that anything done or purporting to have been done under the provisions of that previous proclamation, which could be done under that proclamation as so amended or under the new proclamation whereby that proclamation is so substituted, shall be deemed to have been done under the amended or new proclamation, as the case may be.

(b) A proclamation under subsection (2) may be issued with retrospective effect as from a date not earlier than the seventh day of July, 1950.

(4) If at any time it appears to the Secretary that the classification of a person in terms of subsection (1) (other than a classification in accordance with a decision of a board) is incorrect he may, after giving notice to that person and, if he is a minor, also to his guardian, specifying in which respect the classification is incorrect—

(a) alter the classification of that person in the register after affording such person and such guardian (if any) an opportunity of being heard; or

(b) refer the case to a board for decision as to whether the classification of that person in the register should be altered.

(5) In the application of this section—

(a) a person shall be classified as a white person if his natural parents have both been classified as white persons;

(b) a person shall be classified as a coloured person if his natural parents have both been classified as coloured persons or one of his natural parents has been classified as a white person and the other natural parent has been classified as a coloured person or a Bantu;

(c) a coloured person whose natural parents have both been classified as members of the same ethnic or other group, shall be classified as a member of that group;

(d) a person shall be classified as a Bantu if his natural parents have both been classified as Bantus."

waarop 'n in artikel 3 of 9 bedoelde vorm of opgawe deur of ten opsigte van hom voltooi is, te alle tye afdoende bewys dat hy aldus deurgaen.

(3) Waar iemand se ras in 'n vorm of opgawe in artikel 3 of 9 bedoel as „gemeng” of „mixed” beskryf word, word daardie beskrywing by die toepassing van subartikels (1) en (2) van hierdie artikel geag 'n verwysing na 'n gekleurde te wees tensy so iemand bewys dat hy inderdaad nie 'n gekleurde is nie.”.

2. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Klassifikasie van persone wie se name in die register opgeneem word.

5. (1) Iedere persoon wie se naam in die register opgeneem word, word deur die Sekretaris as 'n blanke, 'n gekleurde of 'n Bantoe, na gelang van die geval, geklassifiseer, en iedere gekleurde en iedere Bantoe wie se naam aldus opgeneem word, word deur die Sekretaris volgens die etniese of ander groep waartoe hy behoort, geklassifiseer.

Vervanging van artikel 5 van Wet 30 van 1950, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 30 van 1960.

(2) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* die etniese of ander groepe waarin gekleurdes en Bantoes ingevolge subartikel (1) geklassifiseer moet word, voorskryf en omskryf, en kan so 'n proklamasie of 'n proklamasie wat heet ingevolge hierdie subartikel uitgevaardig te wees, op soortgelyke wyse wysig of intrek.

(3) (a) Die Staatspresident kan in 'n proklamasie bedoel in subartikel (2) waarby 'n vroeëre proklamasie, met inbegrip van 'n proklamasie wat heet ingevolge dié subartikel uitgevaardig te wees, gewysig of vervang word, bepaal dat enigiets wat gedoen is of heet gedoen te wees kragtens die bepalings van daardie vroeëre proklamasie, en gedoen kan word kragtens daardie proklamasie soos aldus gewysig of kragtens die nuwe proklamasie waarby daardie proklamasie aldus vervang word, geag word gedoen te gewees het kragtens die gewysigde of nuwe proklamasie, na gelang van die geval.

(b) 'n Proklamasie kragtens subartikel (2) kan uitgevaardig word met terugwerkende krag vanaf 'n datum nie vroeër as die sewende dag van Julie 1950 nie.

(4) Indien dit te eniger tyd aan die Sekretaris blyk dat iemand se klassifikasie ingevolge subartikel (1) (behalwe 'n klassifikasie ooreenkomstig 'n beslissing van 'n raad) onjuis is, kan hy, nadat hy aan daardie persoon en, indien daardie persoon 'n minderjarige is, ook aan sy voog, kennis gegee het in watter opsig die klassifikasie onjuis is—

(a) die klassifikasie van daardie persoon in die register wysig, nadat hy bedoelde persoon en bedoelde voog (indien daar een is) 'n geleentheid gegee het om aangehoor te word; of

(b) die geval na 'n raad verwys vir beslissing of die klassifikasie van daardie persoon in die register gewysig moet word.

(5) By die toepassing van hierdie artikel—

(a) word iemand as 'n blanke geklassifiseer indien sy natuurlike ouers albei as blankes geklassifiseer is;

(b) word iemand as 'n gekleurde geklassifiseer indien sy natuurlike ouers albei as gekleurdes of een van sy natuurlike ouers as 'n blanke en die ander natuurlike ouer as 'n gekleurde of 'n Bantoe geklassifiseer is;

(c) word 'n gekleurde wie se natuurlike ouers albei as lede van dieselfde etniese of ander groep geklassifiseer is, as lid van daardie groep geklassifiseer;

(d) word iemand as 'n Bantoe geklassifiseer indien sy natuurlike ouers albei as Bantoes geklassifiseer is.”.

Amendment of section 9 of Act 30 of 1950, as amended by section 2 of Act 30 of 1960.

3. Section 9 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

“(2) In the application of subsection (1) the furnishing of particulars for the registration of a birth in the form prescribed in terms of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963 (Act No. 81 of 1963), or deemed in terms of the said Act to be so prescribed, shall in the case of a person born in the Republic after the fixed date, be deemed to be also the furnishing of particulars for the purposes of that subsection in the form referred to therein.”.

Substitution of section 11 of Act 30 of 1950, as amended by section 1 of Act 71 of 1956, section 2 of Act 30 of 1960 and section 3 of Act 61 of 1962.

4. The following section is hereby substituted for section 11 of the principal Act:

“Objections to and appeals against classification of persons in register, and constitution and functions of boards.

11. (1) Any person who considers himself aggrieved by his classification or the classification of a minor of whom he is the guardian, by the Secretary in terms of section 5 (other than the classification of a minor in accordance with the provisions of subsection (5) of that section), may within thirty days, or such longer period not exceeding one year as the Minister may allow, after the said classification became known to him, but in no circumstances later, object in writing to the Secretary against that classification.

(2) A minor who is not required to be classified in accordance with the provisions of section 5 (5) may himself object in terms of subsection (1) of this section against his classification.

(3) Every such objection shall be lodged in the form of an affidavit setting forth fully the grounds upon which the objection is made and stating the date on which the classification in question became known to the objector.

(4) Every objection received by the Secretary in terms of subsection (3) within the period referred to in subsection (1), shall be referred by him for decision to a board of not less than three persons, including the chairman, constituted for the purpose or for the purposes of section 5 (4) by the Minister, and presided over by a person appointed by the Minister, who is or has been a judge of the Supreme Court of South Africa, or a magistrate.

(5) (a) The provisions of the Commissions Act, 1947 (Act No. 8 of 1947), except section 1 thereof, shall apply *mutatis mutandis* with reference to any board constituted under subsection (4) of this section: Provided that the Secretary and every objector and every person whose classification has in terms of the provisions of section 5 (4) been referred by the Secretary for decision to a board, and, if that person is a minor, also his guardian, shall be entitled to appear before the board concerned either in person or by counsel or attorney on his behalf, to cross-examine witnesses and to adduce such evidence as may be relevant to the matter before the board: Provided further that all sittings of a board shall be held in public or in camera as the person whose classification is in issue or, if he is a minor and his guardian is present at the sittings in question, such guardian may elect.

(b) In any proceedings before a board any relevant form and return referred to in section 3 or 9, any relevant report referred to in section 12, and any relevant application for an identity card shall be admitted as evidence.

(6) The decision of a board shall be final and binding upon all persons: Provided that any person who considers himself aggrieved by a decision of a board in regard to his own classification or the classification of his ward, or the Secretary, if he considers it necessary for the performance of his duties in terms of this Act, may within thirty days after the

3. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

„(2) By die toepassing van subartikel (1) word, in die geval van iemand gebore in die Republiek na die vasgestelde datum, die verstrekking van besonderhede vir die registrasie van 'n geboorte in die vorm wat ingevolge die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevallen, 1963 (Wet No. 81 van 1963), voorgeskryf is of geag word aldus voorgeskryf te wees, geag ook die verstrekking van besonderhede vir die doeleindes van daardie subartikel, in die vorm daarin vermeld, te wees.”.

Wysiging van artikel 9 van Wet 30 van 1950, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 30 van 1960.

4. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Besware en appèlle teen klassifikasie van persone in register, en samestelling en werksaamhede van rade.

11. (1) Iemand wat hom veronreg voel oor sy klassifikasie of die klassifikasie van 'n minderjarige waarvan hy die voog is, deur die Sekretaris ingevolge artikel 5 (behalwe die klassifikasie van 'n minderjarige volgens voorskrif van subartikel (5) van daardie artikel), kan binne dertig dae, of so 'n langer tydperk van hoogstens een jaar as wat die Minister mag toelaat, na die bedoelde klassifikasie aan hom bekend geword het, maar onder geen omstandighede later nie, skriftelik by die Sekretaris teen bedoelde klassifikasie beswaar maak.

(2) 'n Minderjarige wat nie volgens voorskrif van artikel 5 (5) geklassifiseer moet word nie, kan self ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel teen sy klassifikasie beswaar maak.

(3) Elke sodanige beswaar word ingedien in die vorm van 'n beëdigde verklaring waarin die gronde waarop die beswaar gemaak word, volledig uiteengesit word en die datum vermeld word waarop die betrokke klassifikasie aan die beswaarmaker bekend geword het.

(4) Iedere beswaar wat die Sekretaris ingevolge subartikel (3) ontvang binne die tydperk bedoel in subartikel (1), word deur hom vir beslissing verwys na 'n raad van minstens drie persone, met inbegrip van die voorsitter, wat vir dié doel of vir die doeleindes van artikel 5 (4) deur die Minister saamgestel is onder voorsitterskap van 'n deur die Minister aangestelde persoon wat 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of 'n magistraat is of was.

(5) (a) Die bepalings van die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), behalwe artikel 1 daarvan, is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n ingevolge subartikel (4) van hierdie artikel saamgestelde raad: Met dien verstande dat die Sekretaris en iedere beswaarmaker en iedere persoon wie se klassifikasie deur die Sekretaris ingevolge die bepalings van artikel 5 (4) vir beslissing na 'n raad verwys is en, indien daardie persoon 'n minderjarige is, ook sy voog geregtig is om persoonlik of deur 'n advokaat of prokureur namens hom voor die betrokke raad te verskyn, om getuies onder kruisverhoor te neem en om getuienis aan te voer wat ter sake is met betrekking tot die aangeleentheid voor die raad: Met dien verstande voorts dat alle sittings van 'n raad in die openbaar of agter geslote deure gehou word soos die persoon oor wie se klassifikasie beslis moet word, of, indien hy 'n minderjarige is en sy voog by die betrokke sittings aanwesig is, dié voog verkies.

(b) By die verrigtinge voor 'n raad is 'n relevante vorm en opgawe bedoel in artikel 3 of 9, 'n relevante verslag bedoel in artikel 12, en 'n relevante aansoek om 'n persoonskaart as getuienis toelaatbaar.

(6) Die beslissing van 'n raad is afdoende en bindend vir alle persone: Met dien verstande dat iemand wat hom veronreg voel deur 'n beslissing van 'n raad met betrekking tot sy eie klassifikasie of die klassifikasie van sy pupil, of die Sekretaris, indien hy dit nodig ag vir die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie Wet, binne dertig dae na

Vervanging van artikel 11 van Wet 30 van 1950, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 71 van 1956, artikel 2 van Wet 30 van 1960 en artikel 3 van Wet 61 van 1962.

decision of the board has been given, appeal against that decision by way of application on notice of motion to the provincial or local division of the Supreme Court of South Africa having jurisdiction in the area within which the person to whose classification the decision relates, is ordinarily resident.

(7) The division of the said Supreme Court to which appeal is made may confirm, vary or set aside the decision of the board, or give such other decision as in its opinion the board ought to have given, and may make such order as to costs as it may deem fit.

(8) Any judgment given or order made by a provincial or local division of the said Supreme Court in terms of subsection (7), shall be subject to appeal to the Appellate Division of the Supreme Court of South Africa in the same manner and on the same conditions as a judgment given or order made in a civil proceeding in that provincial or local division.

(9) A decision by the court in terms of subsection (7) or (8) relating to the classification of any person shall, for the purpose of this Act, be deemed to be the decision of a board.

(10) A member of the board who is not a member of the public service may be paid such remuneration for his services as a member of the board as the Minister may, in consultation with the Minister of Finance, determine.”.

Substitution of section 15 of Act 30 of 1950, as amended by section 2 of Act 30 of 1960.

5. The following section is hereby substituted for section 15 of the principal Act:

“Surrender or seizure of identity cards which reflect incorrect particulars.

15. (1) Any person to whom an identity card has been issued which contains any particulars which are incorrect or which by reason of any change of circumstances or by reason of the alteration by the Secretary in terms of section 5 (4) or by a board in terms of section 11 of the classification in terms of section 5 of the person to whom it relates, have become incorrect, or on which the photograph of the person to whom the identity card relates has ceased to be a recognizable image of that person, shall, on the written request of the Secretary, surrender the identity card in question to the Secretary who shall thereupon issue, free of charge, but subject to the provisions of section 16, a fresh identity card to that person.

(2) Whenever it comes to the notice of a Bantu Affairs Commissioner that any person is in possession of an identity card on which such person's race is reflected as native or Bantu, and also an identity card on which such person's race is not reflected as native or Bantu, such Bantu Affairs Commissioner shall forthwith seize the identity card on which the race of the person in question is not reflected as native or Bantu, and transmit such identity card together with the relevant particulars to the Secretary, and thereupon the provisions of section 5 (4) shall apply in the same manner in which they apply if it appears to the Secretary that any person's classification is incorrect.”.

Substitution of section 19 of Act 30 of 1950, as amended by section 3 of Act 71 of 1956.

6. The following section is hereby substituted for section 19 of the principal Act:

“Evidence and presumptions.

19. (1) A person who in appearance obviously is a member of an aboriginal race or tribe of Africa shall for the purposes of this Act be presumed to be a Bantu unless it is proved that he is not in fact and is not generally accepted as such a member.

(2) It shall be no defence to a charge under section 18 (f) for failing to comply with the provisions of section 14 (2), that the name of the accused has not been included in the register or that an identity card has not been issued to him, unless he proves that it was not due to any failure or neglect on his part.

die beslissing van die raad gegee is, teen daardie beslissing by wyse van applikasie na kennisgewing van mosie na die provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika wat regsbevoegdheid uitoefen in die gebied waarin die persoon op wie se klassifikasie die beslissing betrekking het, sy gewone verblyf het, kan appelleer.

(7) Die afdeling van bedoelde Hooggeregshof waarna geappelleer word, kan die beslissing van die raad bevestig, wysig of tersyde stel of die ander beslissing gee wat die raad na sy oordeel moes gegee het en kan die bevel met betrekking tot koste gee wat hy goedvind.

(8) 'n Uitspraak of bevel deur 'n provinsiale of plaaslike afdeling van genoemde Hooggeregshof ingevolge subartikel (7), is onderworpe aan appèl na die Afdeling van Appèl van die Hooggeregshof van Suid-Afrika op dieselfde wyse en voorwaardes as 'n uitspraak of bevel wat in 'n siviele geding in daardie provinsiale of plaaslike afdeling gegee is.

(9) 'n Beslissing van die hof ingevolge subartikel (7) of (8) met betrekking tot die klassifikasie van 'n persoon word by die toepassing van hierdie Wet geag die beslissing van 'n raad te wees.

(10) Aan 'n lid van 'n raad wat nie 'n lid van die staatsdiens is nie kan die besoldiging vir sy dienste as lid van die raad betaal word wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal."

5. Artikel 15 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Teruggawe van of beslaglegging op persoonskaarte wat onjuiste besonderhede aangee.

15. (1) Iemand aan wie 'n persoonskaart uitgereik is, wat besonderhede bevat wat onjuis is of wat ten gevolge van 'n verandering van omstandighede of ten gevolge van die verandering deur die Sekretaris ingevolge artikel 5 (4) of deur 'n raad ingevolge artikel 11 van die klassifikasie ingevolge artikel 5 van die persoon op wie dit betrekking het, onjuis geword het, of waarop die foto van die persoon op wie die persoonskaart betrekking het, nie meer 'n herkenbare ewebeeld van daardie persoon is nie, moet op skriftelike versoek van die Sekretaris die betrokke persoonskaart aan die Sekretaris teruggee wat daarop 'n nuwe persoonskaart kosteloos maar behoudens die bepalinge van artikel 16 aan daardie persoon uitreik.

(2) Wanneer dit onder die aandag van 'n Bantoesakekommissaris kom dat iemand in besit is van 'n persoonskaart waarop so iemand se ras as naturel of Bantoe aangedui word, en ook van 'n persoonskaart waarop so iemand se ras nie as naturel of Bantoe aangedui word nie, lê daardie Bantoesakekommissaris onverwyld beslag op die persoonskaart waarop die betrokke persoon se ras nie as naturel of Bantoe aangedui word nie en versend hy daardie persoonskaart tesame met die ter sake dienende besonderhede aan die Sekretaris, en daarop geld die bepalinge van artikel 5 (4) op dieselfde wyse waarop dit geld as dit vir die Sekretaris blyk dat iemand se klassifikasie onjuis is."

Vervanging van artikel 15 van Wet 30 van 1950, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 30 van 1960.

6. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Bewyslewering en vermoedens.

19. (1) Iemand wat volgens voorkoms klaarblyklik 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is, word by die toepassing van hierdie Wet vermoed 'n Bantoe te wees tensy bewys word dat hy inderdaad nie so 'n lid is en nie gewoonlik daarvoor deurgaang nie.

(2) Dit is geen verweer teen 'n aanklag ingevolge artikel 18 (f) weens 'n versuim om aan die bepalinge van artikel 14 (2) te voldoen nie, dat die naam van die beskuldigde nie in die register opgeneem is nie of dat 'n persoonskaart nie aan hom uitgereik is nie, tensy hy bewys dat dit nie aan sy versuim of nalatigheid toe te skryf is nie.

Vervanging van artikel 19 van Wet 30 van 1950, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 71 van 1956.

(3) If in any prosecution under section 18 (c) it is proved that any identity card was imitated, altered, defaced, destroyed or mutilated, it shall be presumed, until the contrary is proved, that such identity card was imitated, altered, defaced, destroyed or mutilated with intent to deceive.”.

Short title and commencement,

7. This Act shall be called the Population Registration Amendment Act, 1967, and the amendments effected to the principal Act by this Act shall be deemed to have come into operation on the seventh day of July, 1950.

(3) Indien by 'n vervolging kragtens artikel 18 (c) bewys word dat 'n persoonskaart nagmaak, verander, onleesbaar gemaak, vernietig of vermink is, word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat bedoelde persoonskaart nagmaak, verander, onleesbaar gemaak, vernietig of vermink is met die bedoeling om te bedrieg.”.

7. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Bevolkingsregistrasie, 1967, en die wysigings deur hierdie Wet aan die Hoofwet aangebring, word geag op die sewende dag van Julie 1950 in werking te getree het.

Kort titel en
inwerkingtreding.

CONTENTS.

Department of the Prime Minister.

GOVERNMENT NOTICE.

No.		PAGE
754	Act No. 61 of 1967: Border Control Act, 1967 ..	2
754	Act No. 64 of 1967: Population Registration Amendment Act, 1967	14

INHOUD.

Departement van die Eerste Minister.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

No.		BLADSY
754	Wet No. 61 van 1967: Wet op Grensbeheer, 1967	3
754	Wet No. 64 van 1967: Wysigingswet op Bevolkingsregistrasie, 1967	15